GOEIE NUUS

NG Gemeente Meyerspark

Junie 2019 - Jaargang 16 Uitgawe 5

Kerkbode berig oor die Via Dolorosa in Meyerspark "By elke stasie gebeur iets"

Vir Christene dwarsoor die wêreld is die Paastyd baie besonders. Die Lydenstyd en die opstanding van Jesus is vir baie selfs belangriker as Kersfees. "Vir my dra die Pase meer gewig," sê Francois van Niekerk, orrelis by die NG Gemeente Meyerspark in die ooste van Pretoria.

Om die Paastyd 'n belewenis te maak het die gemeente die Via Dolorosa vanjaar vir die derde keer as 'n meditatiewe reis aangebied. Vanjaar was daar agt momente of stasies. Hierdie "reis" het vanaf 8 tot 21 April plaasgevind.

Elke reisiger het 'n houtkruis gekry om saam te dra. "Die reis is interaktief," vertel ds Izak Liebenberg, leraar van Meyerspark. By elke stasie "gebeur" daar iets waaraan die reisiger kan deelneem." Die reis eindig by die oop graf wat Jesus se opstanding en oorwinning oor die dood uitbeeld. Daar kon elke reisiger die reis voltooi deur die nagmaal te vier.

Die Via Dolorosa is ook 'n evangelisasiegeleentheid en vir sommiges het dit geestelike vernuwing gebring. Ds Liebenberg vertel van die ommeswaai in die lewe van 'n man uit Malawi wat by stasie 5 by 'n kruis voor die uitdaging van vergifnis gestaan het. Reisigers is genooi om die naam van iemand neer te skryf wat hulle wil vergewe en dié naam met 'n spyker teen 'n kruis vas te slaan. Hy kon dit eers nie doen nie en het toe sy gesin gaan haal om die Lydensweg vir 'n tweede keer te onderneem. Hier, voor die kruis het hulle die man wat 'n familielid vermoor het, onvoorwaardelik vergewe.

'n Pa en sy drie kinders bid by die leë graf

Gemeentelede is ook aangemoedig om familie en vriende te nooi en op sekere dae ook hulle kollegas en werknemers. Daar was tolke beskikbaar wat mense in die Afrikatale bedien het.

Vir Christie Jonker, lidmaat van die gemeente, was die reis 'n belewenis. *"Ek wil die Here loof want hy is groot en magtig. Sy vergifnis is oneindig."* Ook uit die Lutherse kerk was daar besoekers. Günther en Katrin uit die Johannes Gemeinde het die reis vir die derde keer onderneem. *"Dit was 'n absolute belewenis,"* sê Katrin. Met elke reis was daar iets nuuts. Hierdie keer was dit onder andere die kruisie wat 'n mens op reis saamdra." Op Facebook noem 'n reisiger dit 'n "hartsondervinding".

Mariske Terblans, koördineerder van een van die stasies vertel hoe God op ongelooflike maniere voorsien het. Sy vertel verder hoe dinge sommer net gebeur het. Toe sy begin het met die projek het dit vir haar onoorkombaar gelyk, maar soos sy en haar helpers gevorder het, is hulle self geestelik verryk deur die werk wat hulle gedoen het.

Geskryf deur : *Isabel Ballot*, 26 April 2019

Vervolg bl 2

Kerkbode berig oor die Via Dolorosa in Meyerspark "By elke stasie gebeur iets" (Vervolg bl 1)

As ons terugkyk oor die Via Dolorosa wat die gemeente vanjaar aangebied het as die "reis na Vrede" kan ons nie anders as om vir die Here dankie te sê nie. Dit was in alle opsigte 'n belewenis. Ons het nodig om in 'n groot stad met ons gejaagde lewens soms net weer stil te word en na te dink oor die prys wat Jesus vir ons sondes betaal het. Vir baie was dit weer 'n geleentheid om hulle geloof in die Here te bevestig. Sommige het die kruisverhaal op 'n nuwe manier ervaar en verstaan. Ons is dankbaar vir al die gesprekke wat in hierdie tyd gevoer is oor die kruis wat Jesus vir ons gedra het en wat dit in ons lewens beteken. Wanneer gelowiges die belangrike stap neem en oor hulle geloof begin praat, is ons besig om teenoor mekaar te getuig en so groei ons in die geloof.

Die berig in die Kerkbode het die boodskap verder gedra en van oral in die land bel gemeentes om meer inligting te kry om die Via Dolorosa ook in hulle gemeentes aan te bied. Hieroor is ons baie dankbaar. Alle eer aan die Here!

Só het van die reisigers die Via Dolorosa ervaar

Dankie liewe Jesus vir wat U vir my en ons almal kom doen het tot ons redding! Ek loof, prys & Eer U naam! Dankie vir Koninkskap!! Amen.

Dankie Jesus dat U vir ons gestrefthet.
Dankie vir 'n wonderlike geleentheid dat ons stil kon word voor God. Aan almal wat so hard gewerk het dit moontlik gemaak het bid en die seën van die Here toe
Dankie Here Verlosser en Saligmaker dat U ook vir my Sonde gesterf het. Prys U Naam.

Dankie Liewe Heer vir U liefde en U Genade wat ons elke dag kan sien en ervaar!! AMEN.

Dankie dat U ook vir my gesterf het.
Dankie dat U my ook vergewe het. Help my om ook in getuie vir U te wees.

Danke Here, DANKIE VIR U GENADE! U het dit ook vir my gedoen. Aan U alle Eer.

Dankie liewe JESUS omdat u vir my en ons gesterf het

Baie dankie Elsen. en Erich.

Dit was 'n wonderlike belewenis!

Baie dankie wonderlike God!

Dankie - 'n wonderlike geestelike ervaring!

Baie dankie aan almal wat die Via Dolorosa moontlik gemaak het - Jesus leef, Hy het opgestaan!!

Baie dankie vir die Via Dolorosa dit was 'n wonderlike ervaring: Jesus leef!!

Groot Ervaring & so Spesiaal.

Nuwe Hoop.

HIERDIE GROOT MOEITE IS BEUR A BEUR DIT WERD. DANKIE VIR DIE TYD EN MOEITE WAT HIERIN GESIT IS

Baie dankie Meyerspoek NG - wat 'n wonderlike goeie Vrydag was dit vir my

Elsabé vd Ryst

Naaldwerkklas 2019 - Susan Nell



Ons het die jaar begin met 14 werkers. Ons het ook 'n nuwe helper verwelkom, naamlik Beda Blignaut. Baie dankie dat jy by ons aangesluit het. Jou hulp word baie waardeer.

As gevolg van die baie besige program die einde van 2018, het ons die begin van 2019 die erediens in die kerk bygewoon. Vir die werkers is dit altyd 'n wonderlike geleentheid. Dan dra hulle gewoonlik altyd die kledingstukke wat hulle self gemaak het. Ons klasse is elke tweede Donderdagmiddag. Dan werk en gesels ons lekker saam. Voor ons huistoe gaan, sing ons, lees Bybel en word daar gebid. So word wonderlike persoonlike, vriendskaplike en geestelike verhoudings ontwikkel.

Die naaldwerkklasse sorteer onder die Bereikbediening. Ons ontvang dan ook finansiële hulp van die gemeente waarsonder ons nie sou kon voortgaan nie. Baie gemeentelede skenk ook afval materiaal en ander benodigdhede wat hulle nie meer wil hê nie. Dit word baie waardeer en alles word baie nuttig gebruik. Baie dankie daarvoor. Dit help ook finansieel baie en sodoende verlig dit die besparing uit ons begroting van die Bereikbediening.

Die naaldwerkklas is 'n wonderlike projek van die gemeente wat hopelik nog baie jare sal kan voortbestaan. Kom kuier by ons en kom help ons. Ons ontvang julle met vriendelike ope arms.

Naaldwerkklas groete

Oostelike Sinode wens Meyerspark geluk

Goeiedag vanuit die Sinodehuis

GEMEENTE VERJAARSDAG

Baie geluk met die gemeente se 60ste verjaardag op 29 Mei 2019.

Dis 'n groot voorreg vir 'n gemeente om só 'n besondere verjaardag te kan vier. Oor 6 dekades heen is die Evangelie vanuit die gemeente na die gemeenskap gedra. Die vrug van die dienswerk van leraars, kerkraadslede en lidmate lê in die lewens van baie mense. Daarvoor gee ons in hierdie dae aan die Here die eer.

Uiteraard is 'n geleentheid soos hierdie ook 'n tyd vir vorentoe kyk. Mag die Here vir julle duidelikheid gee oor sy wil vir die gemeente vir die jare voor ons. Bo en behalwe die wete dat Christus Self sy kerk in stand hou, is daar ook die begeerte om werklik 'n verskil in die koninkryk van God te maak. Mag die Here julle hierin lei!

Dra asseblief die groete van ons hele Sinode-familie aan julle lidmate oor.

Baie groete

DS FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR

64 Jaar in die gemeente - Joyce Pretorius

Dit is die gemeente se 60ste verjaardag - seën toegebid vir die jare wat volg. Vir my het dit 'n besondere betekenis.

April 1955 het ons in Carinusstraat 202 ingetrek. Ons huis was die 51ste huis, ook die enigste platdak huis! In Meyerspark was daar nie 'n kerk nie, nie 'n skool, tennis- of rolbalbane nie. Tussen Meyerspark tot by Kerkstraat was daar geen voorstad nie, geen geteerde paaie nie, net rooi stofstrate. Geen gesin het twee motors gehad nie. Die inwoners was meestal verbonde aan die WNNR wat toe nog in die stad was. Ons het ingeskakel by Silverton Gemeente, 'n klein kerkie en ds Anderson die prediker. Die lidmate het gegroei en ons stig af in 1959 om ons eie kerk te bou en maak gebruik van die stadsaal in Silverton, met ds Bertie Lombard as leraar. Ons werk ywerig om die kerk te betaal, bak koeke, maak fudge, trek hangers oor, ensovoorts. Nils en Monica Anderson het bietjie later gekom, maar ons is dankbaar vir hulle, ons bure en vriende in Meyerspark. Ons het verskeie predikers sien kom en gaan. Onlangs, in April 2019 het ons verhuis na 'n kleiner woonplek in Selrose Park na 64 gelukkige jare in Meyerspark. Vyftien jaar gelede trou ek met my buurman wat 43 jaar langs ons gebly het. Ek trek vir die eerste maal van Carinusstraat 202 na Carinusstraat 200. Ons bly lidmate van Meyerspark Gemeente en sê dankie dat ons só lank in 'n kosbare gemeente kon bly. Die verhuising was nie maklik nie. Ons weet gelukkig dat ons nooit moet bang wees om 'n onbekende toekoms aan 'n bekende God toe te vertrou nie! Groete. **Johan en Joyce Burger Pretorius**

Krag vir vandag - Ds Attie Beetge

Ek het alle moed verloor... Ek strek my hande uit in gebed na U toe...
(Ps 143:7-10)

Dawid bid hier 'n gebed wat vir jou krag sal gee vir vandag. Hy bid: *"Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertroue. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig. U red my van my vyande, HERE, want by U skuil ek... Leer my om u wil te doen, want U is my God!. Laat u goeie Gees my op 'n gelyk pad lei."*

Hierdie bedes is soos vyf vingers aan jou hand. *"Here: vul my..., wys my..., red my...., leer my.... en lei my...."*

Vul my met u liefde:

"Laat my elke môre u liefde ondervind" sodat dit sal oorloop na alle mense rondom my.

Wys my die pad wat ek moet loop:

Vandag is vir my onbekend en ek het nie beheer daaroor nie. Daar is soveel besluite wat ek moet neem en keuses wat ek moet maak, dat ek só maklik die verkeerde pad kan vat. U, vir wie die toekoms glashelder is, wys my die regte pad en help my om daarop te loop.

Red my van my vyande:

Daar is soveel aanvalle, skakings, rooftogte, bedrog, verkragtings wat my bedreig. HERE, bewaar my en my gesin (familie) van dit alles. Hou ons in die holte van U hand. Maar bewaar my ook van die vyande in my sondige begeertes, 'n kort humeur, neerslagtigheid, moedeloosheid, bekommernis, wat my só maklik oorval. By U alleen skuil ek.

Leer my U wil:

HERE, ek wil niks doen wat nie u goedkeuring wegdra nie. Wys my daarom wat vandag u wil vir my is, en help my om my lewe en dagprogram daarvolgens te rig.*"Doen slegs u wil, HEER, u wil met my, U die pottebakker en ek die klei."*

Lei my op 'n gelyk pad:

Ek weet my lewenspad op aarde is nog nie voltooi nie, en dis steeds onder konstruksie. Daar is soveel slaggate, afgronde, dieptes, verleggings en padversperrings. Dit is vol *"Stop en Ry"* beperkings. Soms voel dit of hierdie blokkades my op een dag tref en asof ek altyd in spitsverkeer lewe. Só dikwels loop alles vir my verkeerd. HERE, maak my asseblief rustig en kalm en leer my om op U te vertrou om my pad glad te laat loop. Want U vervul al my lewensbehoeftes.

Ds Attie sluit af met die volgende kort gebed:

HERE, ek is soos 'n uitgeputte atleet wat nie moed het vir die hoë steiltes wat voor my uitstrek nie. My knieë begin knak, my voete sleep, ek hyg na my asem, HERE, ek kan nie meer nie... ek val... gryp my... hou my vas... dra my oor die wenstreep! Ek vra dit in die naam van Jesus Christus, my Leidsman en die Voleinder van my geloof, wat reeds vir my oorwin het. AMEN

Embleme met ’n

Vroeg verlede jaar het daar twee nuwe embleme voor in die kerk verskyn. Elke drie maande is die teksvers aan die onderkant van die embleem verander. Die embleem van die persoon met die blaasinstrument is bedoel vir teksverse wat die Here se lof besing. Die embleem met iemand wat ander se voete was, is bedoel vir “mekaar” teksverse, soos byvoorbeeld “Dra mekaar se laste”.

Die “mekaar” embleem is hierdie jaar vervang met ‘n koringaar embleem. Die koringaar beeld verskyn ook op ons kalender. Koring gryp eerstens terug na die gelykenis van die saaier – Jesus se opdrag was ook om die Evangelie te saai tot aan die uiteindes van die wêreld. Dit verwys ook na Jesus se opmerking dat die arbeiders vir die oes min is en dat ons daarvoor moet bid.

Op ons gemeente kalender is daar ‘n maanddtema vir elke maand. Die koringaar embleem kondig ook die maandtema aan met ‘n bypassende teks. Die preke sal elke maand normaalweg by die maandtema aansluit. Die koringaar embleem met die teks daarby, en die preke sal ons elke Sondag daaraan herinner om die maandtema te beleef en uit te leef.

Bybelleesprogram - Junie 2019 **My medemens en ek**

Ons nooi alle lidmate om deel te neem aan ons Bybelleesprogram om elke dag die teks te lees vir die spesifieke dag.

Son	Maan	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
						1 Spr 3:3 en 4
2 Matt 6:25	3 Spr 13:16	4 1 Joh 3:16	5 Spr 14:30 en 31	6 Gal 2:10	7 Ps 34:19 en 20	8 Spr 3:27 en 28
9 Ps 34:12	10 Joh 13:34	11 Joh 15:11	12 Spr 11:12 en 13	13 Spr 12:18 en 19	14 Ps 37:7 en 8	15 Matt 7:4
16 Spr 4:1	17 Kol 3:18	18 Ef 5:1 en 2	19 Kol 3:13	20 Gal 6:3 en 4	21 Gal 1:6	22 Spr 10:19 en 20
23 Matt 25:40	24 Hebr 13:2	25 Fil 2:4	26 1 Joh 3:18	27 Gal 1:10	28 Rom 13:9	29 1 Kor 13:2
30 Hebr 13:16						

MEYERSPARK
EIENDOMSDESKUNDIGE
18 JAAR ONDERVINDING VAN
EIENDOMS VERKOPE IN AREA
KOOP/VERKOOP OF MARKWAARDASIE
SKAKEL MY GERUS.
STIENIE NAUDE
FAR EIENDOMME
082 335 0720

<u>Is wiskunde ’n kopseer</u>?
Ek kan help met een uur klasse per week, asook ekstra klasse voor ’n toetsreeks of eksamen vir slegs R550 per maand. Kontak: **Dalene van Rensburg 082 806 3301**

Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies /versekering.
Kontak Ernst 083 656 4992
www.treecarepta.co.za